*P.G.W. du Plessis*

# TOEKOMSKUNDE AS MORELE VERANTWOORDELIKHEID

Vir meeste van ons kortsigtiges het die jaar 2000 'n veraf, magiese en newelagtige assosiasie. Ons praat baie makliker van ons ervaring van en herinnering aan die Smutsregering en die Tweede Wêreldoorlog wat 32 jaar gelede geëindig het. Maar ons voer volstruispolitiek oor die jaar 2000 wat maar 23 jaar om die draai lê. Oor 23 jaar is die huidige geslag studente so oud soos baie van ons huidige personeel.*

1. Die menslike bestaan is self 'n toekomsontwerp. Die toekoms is geen vaste gedetermineerde saak waaraan ons niks kan doen nie. Juis deur ons huidige aktiwiteit werp ons ons ten goede of ten kwade in die toekoms in. Alle opvoeding beteken byvoorbeeld voorbereiding vir die toekoms. Hoe en wat ons vandag onderrig, het sy betekenis vorentoe as ons studente teen 2000 hulle sogenaamde optimale inisiatief sal bereik.

2. Toekomskunde het sy dawerende optimiste wat die grootheid van die mens in sy wetenskap en tegniek op pad na 'n utopie besing. Toekomskunde het ook sy scenario-skrywers wat vir ons 'n sombere beeld van ons frankenstein-monsters en van ons ekonomiese hebsug skilder.

3. So kruis die optimistiese tegnokrate en die pessimistiese rewolusionêre toekomsdenkers swaarde met mekaar oor die vraag: Het ons wel die dinamiek in ons kultuur onder beheer of het dit buite beheer geraak? Ook verskil hulle oor die vraag: Hoe beheer ons die kulturele, ekonomiese en politieke ontwikkelinge? Die teg-

* Die volgende stellings wil dien as prikkel tot diskussie oor 'n nuwe denktrant in die wetenskappe; dis geen finale ontwerp nie.

nokrate meen slegs deur middel van die tegniek kry ons mag en beheer oor sake. Naas die natuur moet ook die wêreld van die mens op tegniese wyse gemanipuleer word.

4. Die rewolusionêre toekomsdenkers verset hulle teen die sterk gedetermineerde toekoms, soos beplan deur die tegnokratiese elite. Protes en konflik is die bevryder uit die gedetermineerde toekoms. Die neo-marxistiese toekomsdenkers protesteer teen die vertegnisering en verwetenskapliking van die menslike lewe (waaruit tegniek en wetenskap juis voortkom). Die menslike kultuur durf nie tot 'n syfer of 'n rat in 'n groter sisteem van ratte gereduseer word nie. Dit sou geen lewe in vryheid en geluk en vrede wees nie.

5. Daarom pleit die rewolusionêres vir 'n breuk, 'n diskontinuïteit in die gang van sake. Die verlede mag nie in die toekoms voortgesit en vergroot word nie. Die status quo, die establishment moet deur middel van 'n permanente rewolusie omvergewerp word sodat die ryk van die vryheid gestig kan word. Dit mag geen eenmalige rewolusie wees soos die marxiste geleer het nie.

6. Waar staan u as Christenmens op die vooraand van die volgende eeu? Die toekoms is nie maar outomaties vanself ons s'n nie. Deur dit te maak, uit Gods hand te verwerf, behoort die toekoms aan ons.

7. Toekomskunde is tweeledig: Dis 'n soort voorspelkunde en 'n soort etiek.

As berekening en projeksie van hoe sake oor 'n bepaalde tyd daar sal uitsien indien aan spesifieke gegewens vasgehou word, is dit ingestel op voorspelling en beheer van die menslike toekoms.

'n Evaluering of die berekende toekoms ook die moreel wenslike toekoms is, maak toekomskunde tot 'n groot etiek.

8. Toekomskunde het sy kinderskoene gelukkig al grotendeels ontgroei. Vroeër was dit mode om enkele uitstaande trekke van die eie tyd te verleng of na die toekoms te vergroot. Maar selde

werk die toekoms so uit. Want die menslike kultuur loop nie volgens vaste noodwendigheid af nie. By elke dag se gebeure kom geheel nuwe faktore. Bowendien selekteer so 'n projeksie slegs sekere huidige kenmerke.

9. Toekomskunde moet evalueer. Selfs by die seleksie van sy uitstaande karakteristiek in die verlede of huidige tyd, word positiewe en negatiewe waarderings gemaak. Die tegniek van breinspoeling word byvoorbeeld op die oomblik tot in ongedroomde dimensies verfyn. Is dit goed of gevaarlik? Moet daarmee voortgegaan word? Hoekom?

10. Toekomskunde stel ons ook in staat om die hede te evalueer. Dit laat ons vra: wat is waardevol of waardeloos in die hede en dus die moeite werd om vorentoe uit te bou of uit te sny?

11. 'n Dilemma waarvoor die Toekomskunde die mens tot op hede geplaas het, is: nadat ons gehoor het hoe die toekomstige tendense gaan lyk, wil ons weet hoe om met die minste ontwrigting daarby aan te pas. Dan beleef die mens Toekomskunde as 'n soort manipulasie, 'n soort kondisionering van die mens, 'n soort determinisme wat sy vryheid vernietig.

12. Daarom moet Toekomskunde as etiek nie vra: hoe moet ek aanpas by 'n toekoms wat maar op my afstorm nie? Dit moet ook vra: hoe moet ek die toekoms aan die sin van menswees, aan die ware menslikheid aanpas?

13. Dan word Toekomskunde 'n vormgewing, 'n inisiatief, 'n bystuur van die hede na die toekoms toe. Dan sal u 'n toekomsgerigtheid openbaar met vrae soos: Wat moet ek doen om aan bestaande ontwikkelings 'n rigting te gee wat ooreenstem met sy verwagtings, voorkeure en norme?

14. Toekomskunde as 'n soort etiek het te make met wat ons nou behoort te doen. Vandag se student moet nou reeds in die denktrant van môre opgelei word. Beter: hy moet opgelei word om môre sy eie denktrant te ontwerp.

15. Ons is nie soseer onklaar vir die toekoms as ons nie oor informasie oor nuwe verwikkelinge beskik nie. Ons is onklaar vir die toekoms as ons nie oor nuwe denkstrategieë beskik of dit dalk nie kan ontwikkel nie.

16. Toekomskunde stel ons voor die vraag of ons mag/moet doen wat wetenskaplik/tegnies/ekonomies moontlik is. Die tegniek of ekonomie of wetenskap en sy moontlikhede is nie eenduidig en vanselfsprekend goed nie. Alles wat die mens aanpak, kan goed of sleg wees. So is welvaart, luukshede, gemak en tegniese apparate 'n gemengde seën. Met 'n hamer kan ek die spyker of my vinger of my vyand op die kop slaan. Daarom is Toekomskunde 'n evaluering van goed en kwaad in wetenskap en tegniek.

17. Ons kennis van die menslike kultuur oefen ook invloed uit op die menslike gedrag self. Dit maak 'n gedetailleerde kalender van kulturele gebeure onmoontlik. Kennis van voorspellings oor die menslike kultuur werk ook in op ons gedrag sodat ons kan praat van self-bevestigende en self-vernietigende voorspellings. Vra maar die ekonome: hulle weet van talle voorbeelde waar voorspellings insake 'n laagkonjunktuur dikwels die oorsaak van 'n afname in ekonomiese vertroue en aktiwiteite was. Ook weet hulle van voorbeelde waar so 'n voorspelling juis 'n aansporing was om voorkomende maatreëls te tref met die gevolg dat 'n hoogkonjunktuur geskep is.

18. 'n Toekomsbeleid vir ons kultuur moet aan ons morele verantwoordelikheid gekoppel word. Ons Christelike moraal is 'n voortdurende uitwerk van ons roeping in die gebroke wêreld waarin ons woon. Om kreatief na ons kulturele toekoms te kyk, beteken dat ons nie sal stilstaan by die uitwys en berekeninge van 'n aantal alternatiewe moontlikhede nie. Ons moet juis na dit wat moreel wenslik is vra. Ons moet na dit wat konform is aan ons visie, rakende die sin van ons lewe, soek en dit ook realiseer.

19. In die ontwerp van ons toekoms kom ons allerlei grense van

ons vryheid teen. Die mens besit geen absolute vryheid nie. Die toekoms staan wel oop vir ons ingreep, maar ons staan ook oop vir die ingreep van die toekoms. Die toekoms is tegelyk 'n gawe en opgawe.

20. Vir die humanis-tegnokraat lê die geskiedenis, die maak van die toekoms, volledig in eie hande. Dat Christus vir ons die toekoms oopgesluit en moontlik gemaak het, maak die mens egter nie werkloos nie.

21. Daarom kom die Christenmens voor die volgende take te staan: Hoe maak hy sy dankbaarheid vir die verlossing juis deel van sy alledaagse lewenservaring in stedebou, opvoeding, sport en kuns? Hoe voorkom ons 'n breuk tussen godsdiens/kerk en ons daaglikse ervaringswêreld? Hoe kom ons by die realiteit van die geloof buite die vier mure van die kerk uit?

**